

**Vrydag 14 Januarie**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 1:6-12**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 1:11, 12**

**Moenie van die waarheid afdwaal nie**

Paulus lê groot klem op die verskil tussen die ware evangelie en 'n valse evangelie. Dit is belangrik om te weet wat die ware evangelie is, want die valse evangelie lei jou in die ewige dood in.

Die valse evangelie wil jou oortuig dat jy aan God moet bewys dat jy goed genoeg is vir Hom deur allerlei reëls en voorskrifte te moet nakom. Verderaan in die brief verduidelik Paulus wat die ware evangelie is wat hy van Jesus Christus ontvang het. Byvoorbeeld in Galasiërs 2:16: “En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo.” In Galasiërs 3:26, 27 hoor ons: “Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword.” (Lees gerus die brief aandagtig deur en let op wat die ware evangelie is.)

Omdat hierdie ware evangelie van Jesus Christus af kom, hou dit geweldig baie troos in. Jy hoef nie vir God te bewys jy is goed genoeg vir Hom nie. Omdat jy vir Hom kosbaar is, neem Hy jou in genade op grond van die soenverdienste van Jesus Christus aan. Deur jou geloof bevestig die Heilige Gees dat dit vir jou waar is.

Jy is egter vir God kosbaar, en daarom los Hy jou nie soos jy is nie. Deur die Gees begin Hy jou verander in die Koningskind wat jy nou is. Dit gebeur egter net as jy die ware evangelie glo. Leef vanuit die waarheid dat God jou oneindig liefhet en dat Hy jou op grond van sy genade sy kind maak.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)*